NUUSBULLETIN

JUNIE 2021

MAANDELIKSE PRAATJIE

Die maandelikse vergadering op 28 Junie is weens die ernstige Covid-19 situasie in Stilbaai gekanselleer. Die praatjie deur Izak Venter, voorsitter van die Hessequa Argeologiese Vereniging, oor die voorgestelde Argeologiese Museum en Inligtingsentrum, is uitgestel.

Alle binnenshuise vergaderings van U3A Stilbaai groepe is ook gekanselleer tot die situasie verbeter; Jagersbosch het vergaderings in Die Waenhuis verbied tot verdere kennisgewing.

AANKOOP VAN SKOOTREKENAAR

Uitloting van Bottel Clemengold Gin.

Die wenner vir die uitloting van die eerste bottel Clemengold Gin is Ronelle Begemann – baie geluk!

Ons het nog gin om uit te loot, die tweede uitloting van 'n 500ml bottel Clemengold Gin (kleinhandel koste ongeveer R330) begin nou. Die koste van die uitloting is R10 per inskrywing; u kan inskryf deur ons te epos op info@u3astilbaai.org. U kan die R10 (of meer as u meer inskrywings uitneem) per EFT in ons bankrekening inbetaal, of u kan later kontant aan ons oorbetaal (as u dit nie by 'n vergadering kan doen nie, kan ons onderlinge reëlings tref). Die uitloting sluit na ons maandelikse vergadering op 26 Julie 2021, die wennaam sal op 'n komitee vergadering getrek word.

LEDEGELDE

Ons herinner u dat ledegelde vir 2021 moet voor 30 Junie betaal word. Ledegelde vir die 2021 jaar wat op 31 Desember 2021 eindig bly **R30 per persoon**, en kan in ons ABSA rekening inbetaal word; ons bankbesonderhede is as volg:

NEWS BULLETIN

JUNE 2021

MONTHLY TALK

The monthly meeting on 28 June has been cancelled due to the serious Covid-19 situation in Stilbaai. The talk by Izak Venter, chairperson of the Hessequa Archaeological Society, on the proposed Archaeological Museum and Interpretation Centre, is postponed.

All indoor meetings of U3A Stilbaai groups are also cancelled till the situation improves; Jagersbosch has prohibited meetings in Die Waenhuis till further notice.

PURCHASE OF LAPTOP COMPUTER

Raffle of Bottle Clemengold Gin.

The winner of the raffle for our first bottle Clemengold Gin is Ronelle Begemann – congratulations!

We have more gin to raffle, the second raffle of a 500ml bottle Clemengold Gin (retail cost about R330) starts now. The cost of the raffle is R10 per entry; you can enter by emailing us at info@u3astilbaai.org. You can pay the R10 (or more if you take out more entries) by EFT into our bank account, or you can pay cash later (if you cannot pay at a meeting, we can make an arrangement). The raffle closes after our meeting on 26 July 2021, the winning name will be drawn at the following committee meeting and the winner informed.

MEMBERSHIP FEES

We remind you that membership fees for 2021 must be paid before 30 June. Membership fees for the 2021 year ending on 31 December 2021 remains **R30 per person**, and can be paid into our ABSA account; our banking details are as follows:

Bank: ABSA Bank
Rekeningnaam: U3A Stilbaai
Rekeningnommer: 9321782429
Takkode: 632005
Tipe rekening: Spaar

Gebruik asseblief u naam as verwysing en epos ons by bank@u3astilbaai.org om betaling te bevestig.

U kan oor die internet of by 'n OTM betaal, maar ons wil u ernstig versoek om NIE by die toonbank u ledegelde te betaal nie. Die minimum bankkoste vir 'n kontantdeposito oor die toonbank is R62 per transaksie, ons moet dus die bank R32 ekstra betaal vir u lidmaatskap. Die fooi vir 'n deposito by 'n ABSA OTM is R6.35, wat aanvaarbaar is. U kan ook kontant betaal wanneer ons weer vergader.

Betaal asseblief voor 30 Junie; vanaf 1 Julie haal ons alle persone wat nog nie betaal het nie van ons ledelys af en julle en sal nie meer bulletins of ander kennisgewings kry nie.

Dankie aan die 249 lede wat reeds ledegelde vir 2021 betaal het; as u nie seker is of u betaal het of nie, kontak ons gerus by info@u3astilbaai.org om te bevestig voordat u weer 'n betaling maak.

Die persone hieronder het ledegelde betaal, maar ons het geen kontakdetails vir hulle nie. As u enige van hulle ken, vra hulle asseblief om ons te epos by info@u3astilbaai.org:
- Onbekende wat op 11 Januarie betaal het.
- Lynette du Toit (10 Junie).
- Alecia Stoltz (3 Mei).

Bank: ABSA Bank
Account Name: U3A Stilbaai
Account Number: 9321782429
Branch code: 632005
Type of Account: Saving

Please use your name as reference and email us at bank@u3astilbaai.org to confirm payment.

You can pay over the internet or at an ATM, but we seriously ask you NOT to pay your membership fees at a counter. The minimum banking fee for a cash deposit over the counter is R62 per transaction, we thus have to pay the bank R32 extra for your membership. The fee for a deposit at an ABSA ATM is R6.35, which is quite acceptable. You can also pay cash when we meet again.

Please pay before 30 June; from 1 July we will remove all persons who have not yet paid from our membership list and you will no longer receive our bulletin or other notices.

Thanks to the 249 members who have already paid membership fees for 2021; if you are not sure whether you have paid or not, please contact us at info@u3astilbaai.org to confirm before you make another payment.

The persons below have paid membership fees, but we have no contact details for them. If you know any of them, please ask them to email us at info@u3astilbaai.org:
- Unknown who paid on 11 January.
- Lynette du Toit (10 June).
- Alecia Stoltz (3 May).

COVID -19 INENTING

Die stelsel werk.

Deur Niel van Wyk

Ek het Dinsdag my eerste entstof dosis ontvang. Maandag middag taamlik laat het ek 'n SMS gekry wat my versoek het om Disndag tussen 10 en 12 by die Stilbaai Gemeenskapsaal aan te meld. Alles het redelik glad verloop, net 'n bietjie stadig aangesien daar net twee inenting stasies is. Die wagtyd binne die saal was ongeveer 'n uur, en na die inspuiting moet jy vir nog 15 minute wag ingeval van komplikasies.

Daar was 'n groot aantal "instappers" buite die saal, sommige was blykbaar daar sedert vroeg oggend. Hulle moes wag, en kort voordat ek daar in is vir my insputing, is aangekondig dat hulle net genoeg entstof het om geregiistreerdes in te ent. Teen die tyd wat ek teruggestap het na my motor, was daar net 'n klein handjievol - meeste het geloop.

COVID-19 VACCINATION

The system works.

By Niel van Wyk.

I got my first vaccine dose Tuesday morning. Monday afternoon quite late I received an SMS informing me to report to the Stilbaai Community Hall between 10 and 12 on Tuesday. Everything went fairly smoothly, albeit a bit slowly as there are only two vaccination stations. The waiting time in the hall was about an hour, then afterwards you have to wait for 15 minutes in case of complications.

There were a large number of "walk-ins" outside the hall, some had apparently been there since the early hours of the morning. They had to wait, and just before I went in for the vaccination, it was announced that they only had enough vaccine for those registered. By the time I walked back to my car, there were only a small handful outside – most had left.

Op pad huis toe kry ek 'n SMS om te bevestig dat ek die eerste dosis ontvang het, en dat ek oor 6 weke weer 'n SMS sal kry vir my afspraak vir 'n tweede dosis.

Dit is jammer dat daar so baie vals nuus oor die inenting aan die omgang is, meeste deur WhatsApp. Sommige beweer dat die registrasie stelsel in duie gestort het, ander dat almal moet her-registreer, ens, ens. Beskou asseblief suilke boodskappe met die ?? wat hulle verdien en moet hulle nie aanstuur nie – julle weet dit word gesê dat mense wat vals nuus versprei of aanstuur net hul eie onkundigheid blootstel.

Wees geduldig – julle beurt sal kom.

16 Junie 2021.

U3A AANSPREEKLIKHEID

Mense vra dikwels of deelnemers aan U3A Stilbaai aktiwiteite, veral daardie waar persoonlike beserings 'n moontlikheid is, nie 'n vrywaringsvorm wat U3A en sy verteenwoordigers vrywaar van eise vir beserings of skade, moet onderteken nie.

Klousule 10 van die U3A Stilbaai grondwet maak voorsiening vir vrywaring vir U3A Stilbaai, die komitee en lede vir aanspreeklikheid vir aksies uitgevoer in goeder trou. Regsadvies ingewin met verskeie geleenthede toon dat 'n ondertekende vrywaringsvorm eintlik niks werd is nie. Enige persoon wat 'n besering of skade opdoen, moet nalatigheid aan ons kant kan bewys, ongeag of daar 'n vorm is of nie. Byvoorbeeld, as deelnemers voor 'n staptog gewaarsku word dat daar gevaarlike steil plekke is op die roete, en hulle tog deelneem en van 'n krans gaan afval, kan hulle nie nalatigheid aan ons kant beweer nie want hulle is ingelig dat die roete gevaarlik is.

In kort, mense wat aan U3A Stilbaai aktiwiteite deelneem doen dit op eie risiko. Aangesien ons lede ouer en meer volwasse persone is, neem ons aan dat lede hul eie beperkings sal ken wanneer dit kom by fisiese aktiwiteite.

U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied:

- **Aandele Groep**: Die groep bly in kontak per epos. Kontak Christo by christoprins208@gmail.com.
- **Astronomie groep**: Die groep se aktiwiteite hervat stadig; kontak Deon by begemannd@gmail.com as u by die groep wil aansluit.

On my way home I received an SMS confirming that I had received the first dose, and that in 6 weeks time I will receive another SMS with an appointment for the second dose.

It is a pity that there is so much false news about the vaccinations in circulation, mostly through WhatsApps. Some claim the registration system does not work, others that everybody must re-register, etc, etc. Please treat such messages with the disdain they deserve and do not forward them – you know that it is said that people distributing and forwarding false news are only revealing their own ignorance.

Be patient – your turn will come.

16 June 2021

U3A LIABILITY

The question is often asked whether participants in U3A Stilbaai activities, particularly those where personal injury is a possibility, should not sign a form exempting U3A and its representatives from any claims for injury or damage.

Clause 10 of our constitution exempts U3A Stilbaai, the committee or any member from liability in respect of actions excercised in good faith. Legal advice gained on several occasions indicate that a signed exemption form is not worth the paper it is written on. Anybody suffering injury or a loss must prove negligence on our part, irrespective of whether they have signed a form or not. For example, if particpants are warned before a hike that there are dangerously steep parts on the route, and they then go and fall off a cliff and hurt themselves, they cannot claim negligence on our part as they participated knowing the route was dangerous.

In short, people participating in U3A activities do so entirely at their own risk. As our membership consists of mature older people, we assume that members will know their own limitations when it comes to physical activities.

U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members:.

- **Astronomy Group**: The group's activities are restarting slowly. If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com
- **Bird Group:** Meetings of the group and birdwatching outings have not resumed. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup. Contact

- **Fotografie Groep**: Die groep vergader die tweede Maandag van elke maand in Die Waenhuis, maar vergaderings is tydelik gestaak. Kontak Lawrence by barltrop@telkomsa.net.
- **Neurowetenskap Groep**: Die volgende Zoom sessie is op 25 Junie om 14:00: "The Neuroscience behind Personality." Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjie wil aansluit.
- **Stapgroep**: Die groep stap nou weer op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Nico by nico.steenekamp@gmail.com.
- **Voëlgroep**: Vergaderings van die groep en voëlkyk uitstappies het nog nie weer begin nie. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit.

Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group.

- **Hiking Group**: Hiking on Friday mornings have resumed. If you want to join the group, contact Nico at nico.steenekamp@gmail.com
- **Neuroscience Group**: The next Zoom session is on 25 June at 14:00: "The Neuroscience behind Personality." Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talk.
- **Photography Group**: The group meets on the second Monday of every month in Die Waenhuis, but meetings have been temporarily suspended. Contact Lawrence at barltrop@telkomsa.net.
- **Shares Group**: The group remains active via email. Contact Christo at christoprins208@gmail.com.

VOORKOM DIE VERSPREIDING VAN COVID-19.
• Dra asseblief u masker •
• Hou u afstand van ander mense •
• Was u hande gereeld •
• Vermy samedromming van mense •
• REGISTREER VIR INENTING •

PREVENT SPREADING COVID-19.
• Please wear your mask •
• Keep your distance from other people •
• Wash your hands regularly •
• Avoid concentrations of people •
• REGISTER FOR VACCINATION •

©2021. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.